

HOOFSTUK XIII.

DIE ONDERWYS VAN NIE-BLANKES.

1. AGTERGROND.

Die onderwyswetgewing het die onderwys van die nie-blankes nie uit die oog verloor nie. In die inleiding van Ordonnansie No. 7 van 1903 word daar na die bevordering van die industriële en algemene onderwys van nie-Europese kinders verwys. Artikel 1 maak voorsiening vir die oprigting van industriële skole. By die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie is 'n inspekteur of superintendent¹ aangestel om die onderwys van nie-blankes, veral van die naturelle, te organiseer.

In samewerking met die Departement van Naturellesake is 'n opgawe in April 1903 gemaak² van die aantal naturellekinders van skoolgaande ouderdom, klas-kamerruimte, die aantal kinders op skool en die aard en omvang van die onderwys wat reeds verskaf is. Die verslag het aangetoon dat daar 201 sendingskole met 12,600 leerlinge en 289 leerkragte³ in die Kolonie was. In Johannesburg en op die Rand was ses regeringskole met 800 leerlinge.⁴ Volgens die Onderwysdirekteur se skatting was dit omtrent 10 persent van die moontlike aantal leerlinge. Die werk is deur verskeie vrywillige godsdienstige liggeme verrig sonder toelae of erkenning van staatsweë.⁵

1. Eerw. W.E.C. Clarke.

2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 91.

3. Hiervan was 41 blankes.

4. Meesal Kaapse Kleurlinge of Maleiers.

5. Hermansburgse-, Berlynse-, Sweedse-, Wesleyaanse-, Metodistiese-, Anglikaanse-, Nederduits Gereformeerde-, Presbiteriaanse-, Kongregasionale-, Baptiste- en Rooms-katolieke kerke.

Die ondersoek het verder 'n gebrek aan klas-kamerruimte, meublement en toerusting aan die lig gebring en daar is vasgestel dat die leerstof, die persoonel en die leerkragopleiding uiters swak was. Om hierdie toestand die hoof te bied het die regering 'n toelae aan geregistreeerde sendingskole aangebied, 'n leerplan voorgeskryf en leerkragopleiding en voorligtingsdienste gesteun. Die toelae wat na 1 Januarie 1904 betaalbaar was, is toegeken op grond van gemiddelde skoolbesoek, beskikbare geboue, algemene toerusting, sanitêre geriewe, dissipline en organisasie, doeltreffendheid van die onderwys en die plaaslike bydrae in geld of waarde. In Desember 1904 was 132 uit die sowat 200 sendingskole met ruim 7,000 leerlinge by die Departement geregistreeer en etlike „Instruction Courses” is gedurende die jaar aan die swak opgeleide leerkragte verskaf.

Gedurende 1905/6 was daar 'n geleidelike verbetering en die aantal aangetekende skole het tot 196 gestyg met 'n inskrywing van 9,951 leerlinge.

Kragtens die Smutswet is daar voorsiening gemaak vir die onderwys van kleurlingkinders⁶ soos vir die van blankes, in aparte skole met blanke leerkragte. Hoewel hierdie wet geen wetlike voorsiening vir die opvoeding van naturellekinders gemaak het nie, was Adamson se vertolking dat die gees van die wet naturellekinders ook ingesluit het.

“It is now possible, not only to aid missionary schools, but to establish public schools for natives.”⁷

6. Wet No. 25 van 1907, artikels 28 tot 29.
7. T.O.D. Jaarverslag 1907, 6.

Die onderwys van naturellekinders was, behalwe aan die staatskool in die Klipspruitlokasie, in die hande van staatsondersteunde sendinggenootskapskole. Die staat was huiwerig om eie skole in opposisie met die sendingskole te stig en hul sektaries-godsdienstige onderwysrigting te versteur:

"As regards natives the policy of working through missionary agencies is continued It does not follow that such a school would be divorced from direct religious direction and control."⁸

In 1907/8 is aan hierdie 234 skole met oor die 12,000 leerlinge 'n staatstoelae van £9,000 toegeken. Hoewel hierdie skole maar swak en hul leerkragte feitlik onopgeleid was, het daar tog geleidelik verbetering ten opsigte van die geboue en toerusting ingetree.

Die onderwysstelsel van Kleurlinge en Asiate het geen wysiging ten gevolge van die unifikasie van Suid-Afrika en die invoering van Provinsiale onderwysbeheer ondergaan nie.

Behalwe die aanwas in die aantal leerlinge was daar tot 1916 feitlik geen merkbare verandering in hierdie skole nie. In 1911 was daar 11 skole met 1,639 leerlinge en in 1916 slegs 13 skole met 2,164 leerlinge.⁹

Vanaf 1916 het kleurlingskole met 'n blanke skoolhoof dieselfde status as blanke skole gehad. Blanke leerkragte is vanaf 1923 geleidelik deur kleurlingonderwysers vervang.

In 1912 het die Indiërgemeenskap¹⁰ hulle bewyer vir aparte skole en 'n eie skool is dientengevolge in 1913 in Johannesburg onder 'n blanke skoolhoof

8. T.O.D. Jaarverslag 1907, 6.
9. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 153.
10. T.O.D. Jaarverslag 1912, 94 tot 95.

toegestaan. Die Indiërgemeenskap het die gebou verskaf en die staat het die salarisse betaal.

In 1923 was daar reeds vyf Indiërskole met 601 leerlinge. Met die uitsondering van die personeel van die skool in Johannesburg was al die leerkragte Indiërs.

Die onderwys van die naturelle het kort na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika en die invoering van Provinsiale Administrasie in belangrikheid toegeneem.

Reeds in 1912 is 'n nuwe stelsel vir hierdie onderwys ontwerp¹¹ en aangeneem. Dit het in 1915 in werking getree. Gaandeweg het die naturelle ook op eie houtjie op staats- in plaas van sendingskole aangedring:

"Their ambition is to have public schools free from the control of the special churches, and equal in status to the public schools which have been established for Euraffrican and European children."¹²

Die bekostiging van die onderwys van naturelle is in 1922 soos volg gereël:

"..... the Union Parliament was to provide the necessary funds for expansion and new developments on condition that the Provinces continued to vote the same amount as was provided in the Estimates for 1922-23."¹³

Onderstaande tabel is 'n statistiese opgawe van die stand van die onderwys aan nie-blankes in 1923 aan die einde van Adamson se ampstermyn.¹⁴

11. (i) T.O.D. Jaarverslag 1912, 91 tot 94.
(ii) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 154 tot 155.
12. T.O.D. Jaarverslag 1919, 34.
13. Ibid 1922, 23.
14. Raadpleeg: Coetzee: Onderwys in Transvaal, 90 tot 93, 114 tot 116 en 153 tot 157.

SENDINGSKOLE.				REGERINGSKOLE.					
Naturelle.				Kleurlinge.			Indiërs.		
Jaar	Aan- tal sko- le.	Aan- tal leer- linge.	Aan- tal leer- krag- te.	Jaar	Aan- tal sko- le.	Aan- tal leer- linge.	Jaar	Aan- tal sko- le.	Aan- tal leer- linge.
1912	251	14,741	462	1911	11	1,639	1913	1	124
1918	335	22,509	745	1916	13	2,164	1920	2	349
1923	393	35,359	938	1917	19	2,681	1921	3	432
				1923	22	3,770	1922	4	558
							1923	5	601

OPLEIDINGSKOLE VIR NATURELLE.		
Jaar.	Aantal opleidingskole.	Aantal studente.
1912	4	237
1916	3	247
1923	3	284

In 1912 was daar een regeringskool vir natu-
relle te Klipdrift met 213 leerlinge wat in 1923 tot 583
leerlinge aangewas het. Die naturelle het self 'n toe-
nemende verlange begin toon vir kostelose regerings-
onderwys in plaas van die sendingskole.¹⁵

Suid-Afrikaanse regerings is nog nie van hul
opvoedkundige verpligtinge onthef as hul voorsiening
gemaak het vir die onderwys van die blanke deel van die
bevolking nie, want die Kleurlinge, die Asiate en die
Naturelle het ewe-eens 'n reg op aanspraak. Hierdie
opvoedkundige reg word dan ook vandag deur niemand ont-
ken nie.

As die seksie¹⁶ van die Transvaalse Onderwys-
wet, wat op die onderwys van nie-blankes van toepassing
is, noukeurig nagegaan word, sal bevind word dat daar
ruimskoots voorsiening vir Naturelle, Kleurlinge en

15. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 155.

16. Hoofstuk V, seksie 28.

Asiate onder die algemene benaming „nie-blankes" gemaak word.

"What I wish to make quite clear is that there is power enough under the Act to deal thoroughly with the problem of educating the coloured races."¹⁷

Dit spreek egter vanself dat 'n vraagstuk soos die onderwys van duisende nie-blanke kinders met die grootste versigtigheid langs die weg van geleidelike ontwikkeling aangepak moes word. 'n Haastige optrede sou meer kwaad as goed gedoen het, aangesien bevoegde leerkragte nie beskikbaar was nie. Adamson se waarskuwing was tydig:

"I need hardly add that we should proceed cautiously."¹⁸

Die steun, wat die sendinggenootskappe aan hierdie saak verleen het, was vrywillig.

"The non-European section of the school population falls for educational purposes into three divisions: Eurafrican or coloured, Indian, and Native Children."¹⁹

2. KLEURLINGE, ASIATE EN NATURELLE.

(a) Kleurlinge.

"The schools for coloured children are established and maintained by Government and stand in this respect on all fours with the schools for European children."²⁰

Hulle het volgens dieselfde leerplan gewerk en hulle skole het soos die van blanke kinders onder die toesig van skoolrade gestaan. Hoewel die Onderwyswet van 1907 geen onderskeid tussen nie-blanke kinders onderling maak nie, is kleurlingkinders tog in die praktyk

17. T.O.D. Jaarverslag 1907, 6.

18. Ibid 1907, 6.

19. Ibid 1916, 53.

20. Ibid 1916, 53.

van die naturelle geskei. Die owerheid het die kleurlinge altoos besonder goed behandel en benewens die voorreg van kostelose onderwys is hul ook nog sover moontlik aan die sorg van blanke leerkragte toevertrou. Hoewel die skoolgeboue oor die algemeen veel te wense oorgelaat het, was die werk in die skole so goed as verwag kon word.

Die onderwyspeil was egter laag, aangesien 65.6 persent van die leerlinge in die grade en standerd I, 30 persent in die middel- en 4 persent in die hoër-klasse was. In 1917 was daar egter al 'n hele paar groot skole²¹ en Adamson was tevrede met die algemene vordering:

"When it is remembered that these children are following the same course as European children, that the buildings they work in are, with few exceptions, unsatisfactory, and that only a small proportion of the total staff consists of European teachers, the results achieved are distinctly creditable."²²

Omdat daar geen voorsiening vir middelbare onderwys van kleurlinge in Transvaal gemaak is nie, het daar teen 1917 stemme begin opgaan vir die stigting van 'n sodanige inrigting alwaar onder andere kleurlingonderwysers(esse) opgelei kon word. Adamson het hierdie behoefte ingesien en aan die hand gedoen dat 'n aanvang met middelbare klasse aan 'n laerskool gemaak moes word. Die Vrededorpse skool is in 1918 vir hierdie doel gekies. Die onderwys het uit voorlopige opleiding vir die onderwysberoep en gewone middelbare onderwys bestaan, terwyl daar ook voorsiening vir handarbeid gemaak is.

21. Markstraat, Johannesburg: 500 leerlinge. } Die res was
Vrededorp, Johannesburg: 500 leerlinge. } onder 100
Siemert, Johannesburg: 300 leerlinge. } leerlinge.
Marabastad, Pretoria: + 200 leerlinge.)
22. T.O.D. Jaarverslag 1917, 81.

Hierdie skool het goeie vooruitgang gemaak en die onderwysers wat daar opgelei is kon hulle bepaald beter inleef in die behoeftes van hul eie rasgenote as die blankes.

In 1920 het die skoolbesoek van die kleurlingskole sorg gebaar. 'n Gemiddelde skoolbesoek van 85 persent is as te laag beskou en het daarop gedui dat die verpligtingsklousule ook op hierdie leerlinge van toepassing gemaak moes word.

"The need to extend the principle of compulsory attendance to them remains as pressing as ever;"²³

Aangesien die administrasie destyds nie oor die nodige geld en personeel beskik het nie, was die bywoning 'n vrywillige saak en moet die gemiddelde skoolbesoek van 87.3 persent as bevredigend beskou word.

Dit moet nie uit die oog verloor word nie dat hierdie skole tot die Witwatersrand en Pretoria beperk was. Van die 22 kleurlingskole met hul 3,741 leerlinge en 122 leerkragte in 1922 was 20 op die Rand en twee in Pretoria. Byna die helfte van hierdie leerlinge was in die substanderds, terwyl slegs sowat 5 persent hoër as die vierde standerd was. In die middelbare skool op Vrededorp was daar 76 leerlinge.

(b) Asiate.

Die Kleurlinge en Indiërs het aanvanklik dieselfde skole bygewoon.

Op grond van hul taal, geloof en nasionaliteit is op versoek van die Indiërgemeenskap 'n aparte skool met Gujarati as voertaal in 1913 aan die Indiërs toegestaan. Hoewel hierdie versoek die belangrike beginsel

van aparte huistaalskole behels het, het die Onderwysraad en die Uitvoerende Komitee die Indiërs in die gelyk gestel.²⁴ Tot in 1913 is Natal die enigste van die ander Provinsies wat die beginsel van opvoedkundige apartheid van Indiërs onderskryf en toegepas het.

Aanvanklik is daar geen voorsiening vir dogters gemaak nie. Die ou gebou was swak en weens die vertraging in die oordrag van die standplaas kon daar nie met die oprigting van die nuwe gebou 'n aanvang gemaak word nie.

(c) Die naturelle.

Omdat die kerklik-godsdiensige grondslag van die sendingskole 'n tradisionele begrip was wat by die onderwys van die naturelle van die verlede aangepas het, het die staat besluit om die onderwys van naturelle in die hande van geregistreerde sendingskole te laat, dit deur staatstoelae²⁵ te steun en hul onder behoorlike staatstoelig te plaas.

"In lokasies moes skole onder kommissies, waarop die verskillende kerke verteenwoordig was, kom."²⁶

Oor hierdie aangeleentheid het Adamson hom soos volg uitgelaat:

"In order to ensure that religious basis which is the first essential in the education of the native, as of the white child, I am endeavouring that a committee representing the various denominations on the Rand, shall under Section 73 of the Act, become the managing committee for the school."²⁷

24. T.O.D. Jaarverslag 1912, 94 tot 95.

25. T.O.D. Jaarverslag 1906 - Regulasies Staatstoelae - 204 tot 205.

26. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 116.

27. T.O.D. Jaarverslag 1907, 7.

Terwyl die sendingskole met hul sukkelgang voortgesleep het, het die een goewermentskool wat kragtens seksie 28(a) van die Onderwyswet in die Klipspruitse lokasie in 1910 opgerig is, reeds so 'n goeie vordering getoon dat Adamson 'n dergelike proefneming in die lokasie van Pretoria oorweeg het.

In 1913 het die Onderwysraad²⁸ die hele vraagstuk van die onderwys van naturelle breedvoerig bespreek en groter staatsteun en 'n hersiene leerplan voorgestel, wat daarna deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur en ingevoer is.

In 1916 is herhalingskursusse vir diensdoende leerkrigte te Kilnerton en Pietersburg ingestel en voorligting en 'n uiteensetting is gegee van metodes en die beginsels waarop die nuwe leerplan berus. Die onderwys van naturellekinders aan die sendingskole was in 1916 uitsluitend in die hande van naturelleleerkrigte wat die belangrikheid van hul taak nie onderskat het nie.

„Die grootste behoefte was onderwysers; die wat in diens was was ywerig en het gereeld vakansiekursusse bygewoon.”²⁹

Die agterstand op die gebied van industriële onderwys moes nie slegs aan 'n gebrek aan geld toegeskryf word nie maar ook aan die adres van die sendelinge en die regering self gewyt word, omdat die leerplanvoorskrifte nie met groter nougesetheid nagekom is nie.³⁰

„What is wanted is reorganization in respect of inspection and supervision.”³¹

28. Sien Derde Rapport van die Onderwysraad: Leerplan herdruk in T.O.D. Jaarverslag 1915, 42 tot 48.

29. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 116.

30. T.O.D. Jaarverslag 1920, 63.

31. Ibid 1919, 34.

Die werk in die skole self het veel te wense oorgelaat. Adamson het dit toegeskryf aan die feit dat daar geen sentrale beheer was nie.

"The fact is that neither from the missionary side nor from the side of the Government is responsibility towards native education recognized and accepted as it should be."³²

In 1920 is die staatstoelae van £30,449 tot £39,054 verhoog. Hierdie bedrag is egter aan 412 skole en opleidingsinrigtings toegestaan en dit het op £1.7s.0d. per leerling neergekom. Ter verbetering van die algemene toestand het Adamson die volgende optrede as noodsaaklik geag:³³

- (i) Die onderwys van naturelle moes in 'n nuwe gees van meegevoel benader word.
- (ii) Sendinggenootskappe moes hul pogings verdriedubbel, sodat die geboue en meubels ten minste aan die noodsaaklikste vereistes kon voldoen.
- (iii) Die staatstoelae moes verhoog word.
- (iv) Die opleiding van naturelleleerkrigte moes verbeter word.
- (v) Gereelde herhalingskursusse moes vir diensdoende leerkrigte gedurende vakansies gehou word en die bywoning daarvan moes verpligtend wees.
- (vi) Die aparte sendingskole moes deur sentrale staatskole in die statte en lokasies vervang word.
- (vii) Die voorgeskrewe leerplanne moes pligsgetrou uitgevoer word om die staatstoelae te verdien. As die dressuur nie saam met die instruksie nagekom word nie, moes die toelae teruggetrek word.

Die 1921-ooreenkoms tussen die vier Provinsies in verband met die bekostiging van die onderwys van naturelle het beter versorging in die vooruitsig gestel. Voortaan sou die vier Provinsies slegs vir die bedrag

32. T.O.D. Jaarverslag 1920, 63.

33. Ibid 1920, 63 tot 64.

waarvoor hul 1921-22 begroting voorsiening gemaak het, verantwoordelik wees, terwyl die Unieregering vir die bedrae wat vir verdere uitbreiding en verbeteringe nodig was aangeslaan sou word. Hierdie geldelike reëling is in 1923 deur die Unieregering deur die aanname van die Finansiële Verhoudingswet bekragtig.

"This relieved the Provinces from any responsibility for expansion of expenditure on the education of natives and the Union Government took that responsibility over;"³⁴

Hierdie reëling het in Adamson se kraam gepas:

"That is, in my opinion, an arrangement which may well be expected to safeguard the interests of native education."³⁵

3. LEERPLANNE.³⁶

Die belangrikste vertakking van die onderwys van nie-blankes was die onderwys van die naturelle. Die sendingskole moes die onderrig in die grondbeginsels van spreek, lees en skryf van Engels, eenvoudige syferwerk en ander elementêre leervakke tot op 'n standerd III-peil bring. Die wederkerige betrekking of korrelasie tussen handwerk en die gewone skoolonderrig moes by albei geslagte in ag geneem word, terwyl die opleiding van naturelle-onderwysers volgens 'n aangehegte leerplan³⁷ moes geskied. Adamson het die traagheid van die sendingskole om hierdie opdrag uit te voer reeds in 1909 betreur.

"It is to be regretted that so little attention is given to manual and industrial work in

34. T.O.D. Jaarverslag 1923, 57.

35. Ibid 1923, 57.

36. Verwys slegs na naturelle aangesien die kleurlinge en Indiërs min of meer die leerplan vir blankes gevolg het.

37. (i) In T.O.D. Jaarverslag 1906, 207 tot 210.
Herdruk.

(ii) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 91 tot 92.

the mission schools. This is a compulsory subject under the native school code, and should of course, be the central subject in the course for natives."³⁸

Reeds in 1912 is 'n nuwe skema vir die onderwys van naturelle deur 'n buitengewone kommissie van inspekteurs ontwerp.³⁹ Hierdie skema het onder andere die omskrywing van 'n nuwe doelstelling en die opstelling van 'n nuwe leerplan ingesluit. Die onderwys van naturelle moes vanuit die naturelle standpunt gesien word, die naturelle se eie behoeftes, strewe en moontlikhede in ag neem en dit moes nie langer op Europese lees geskoei word nie.

Om gevolg aan hierdie nuwe doelstelling te gee is 'n nuwe leerplan⁴⁰ vir die onderwys van naturelle ontwerp. Die naturelle seuns kon 'n keuse uit die volgende industriële vakke maak:

- (i) Tuinbou en die versorging van bome.
- (ii) Landbou, bewerking van grond en waterlei.
- (iii) Padbou en die aanlê van paadjies.
- (iv) Naturelle industrieë soos pottebakkerij en mat- en mandjievlegtery.
- (v) Die gebruik en hantering van gewone gereedskap.

Terwyl die dogters 'n keuse uit die volgende vakke kon maak:

- (i) Naaldwerk en brei.
- (ii) Reiniging van huise.
- (iii) Was, stryk en lapwerk.
- (iv) Kook- en kombuiswerk.
- (v) Algemene huishoudkunde.

Die onderrig as sodanig moes eenvoudig wees.

Die leerplan moes by die lewe en tradisies van die natuur aanpas. Moedertaalonderrig is gedurende die eerste drie skooljare ingevoer maar daarna moes Hollands of

38. T.O.D. Jaarverslag 1909, 37.

39. C. Mansfield, H.P. Mills, W.E.C. Clarke.

40. Raadpleeg: T.O.D. Jaarverslag 1912, 91 tot 94; Derde Rapport, Onderwysraad, 1914; en T.O.D. Jaarverslag 1915, 43.

Engels as spreek- en voertaal ingevoer word. Adamson het 'n belangrike aandeel in die opstelling van hierdie leerplan gehad:

"The draft curriculum, after being drawn up by myself, was considered by a sub-committee"⁴¹

Nadat hierdie komitee van inspekteurs dit nagegaan het, het die Onderwysraad dit na die verskillende kerklike verteenwoordigers verwys. Op 'n gesamentlike konferensie van die Onderwysraad en die sendinggenootskappe⁴² is die ontwerp-leerplan goedgekeur.

"These facts are mentioned in order to make it clear that the scheme has been fully considered."⁴³

Op grond hiervan het die Onderwysraad in sy derde ampe- like verslag hieroor verslag gedoen en die nodige regulasies opgestel. Die nuwe leerplan is deur die Uit- voerende Komitee aanvaar en dit het in 1915 in werking getree.

"It may be observed that the scheme has been welcomed with something like enthusiasm by all who are interested or engaged in native education."⁴⁴

In 1917 was die nuwe leerplan in volle werk- ing. Adamson het egter gekla dat die belangrike indus- triële onderwys nog nie behoorlik verskaf is nie.

"Until this is done, until, indeed, the whole spirit of the new course pervades the work, real progress will not be made."⁴⁵

In 1924 is 'n Adviserende Raad⁴⁶ vir die on- derwys van naturelle deur die Onderwysdepartement in die

41. T.O.D. Jaarverslag 1912, 93.

42. Ibid 1912, 94.

43. Ibid 1912, 94.

44. Ibid 1915, 43.

45. Ibid 1917, 83.

46. Ibid 1924, 25. Funksie en samestelling.

lewe geroep om die Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee van raad oor hierdie afdeling van die onderwys te bedien.

4. INSPEKSIE OF TOESIG.

Een van die eerste stappe om die onderwys van naturelle te organiseer en wat sedert Februarie 1903 die aandag van die owerheid geniet het, was die aanstelling van 'n inspekteur of superintendent in die persoon van eerwaarde W.E.C. Clarke.⁴⁷ In samewerking met die Departement van Naturellesake het hy 'n deeglike opgawe van die hele aangeleentheid gemaak.

In 1903 het die Departement sig hoofsaaklik by 'n ondersoek bepaal en daar is toe nog nie volgens 'n bepaalde stelsel te werk gegaan nie, hoewel 'n aantal skole deur die inspekteur besoek is. In sy verslag maak hy melding van 'n gebrek aan klaskamerruimte, meublement en toerusting, uiters elementêre skoolonder- rig en onbevoegde en onopgeleide personeellede.

'n Poging is dan ook onmiddellik aangewend om die onderwys op 'n vaste voet te plaas deur 'n staats- ondersteunde skema vir die onderwys van naturellekinders te ontwerp en vanaf 1904 in werking te stel. Daar is toe neergelê dat die skoolgeboue vir die inspekteur toeganklik moes wees en dat hy die leerlinge moes klassifiseer en hoofdelik inspekteer en verslag oor die geboue, toerusting en dies meer moes doen. Hy moes ook alle registers en rekeninge nasien, 'n oordeel oor die organisasie en dissipline vel, oor die geskiktheid van die onderwys en die leerkragte rapporteer en hy moes hierdie verslae aan die Departement voorlê. In 1904 is meneer

47. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 91.

T.J.B. Jones as onderinspekteur vir die Noordelike gebied onder die Superintendent aangestel.

Ingevolge die aanstelling van eerwaarde Clarke in 1906 tot Sekretaris van die Transvaalse Onderwysdepartement is die toesig oor die onderwys van naturelle weer aan die kringinspekteurs opgedra. Adamson het hierdie stap allerweë verwelkom.⁴⁸

Die jaarverslae van al die inspekteurs toon dat die peil van die onderwys van nie-blankes en die beskikbare leerkragte uiters veel te wense oorgelaat het.

"It is, further, a matter of regret that the inspector has not the time necessary for the acquirement of the native tongue...
...."⁴⁹

"Schoolwork has suffered very much among the natives this year on account of the fever"⁵⁰

"Such teachers have no initiative, and their work is conducted along the narrowest possible grooves....."⁵¹

"It is extraordinary, however, to notice how very quickly the methods learnt at the training institutions are forgotten."⁵²

"The work in these schools is far from ideal"⁵³

Die hulpinspekteur, meneer T.J.B. Jones, het sedert 1906 tot 1909 nog voortgegaan om die werk in die sendingskole te inspekteer en hy het jaarliks 'n verslag oor sy werk aan die Direkteur voorgelê.⁵⁴

In 1917 het Adamson hom uitgelaat oor die doeltreffendheid van die stelsel waarvolgens gewone inspekteurs vir die inspeksie van naturelleskole

48. T.O.D. Jaarverslag 1906, 13.

49. Ibid 1909, 60. T.G. Ligertwood.

50. Ibid, 65. J.D. Kerrich.

51. Ibid, 71. H.P. Mills.

52. Ibid, 77. C. Mansfield.

53. Ibid, 98. C.H. Acheson.

54. Sien Inspekteursverslae in Jaarverslae.

verantwoordelik was. Onderwys van naturelle is andersoortig en dis wel 'n vraag of die inspeksie daarvan nie in die hande van persone gelaat moet word wat meer bepaald daarvoor opgelei en wat die naturel se taal magtig is nie.⁵⁵ Dit sou die aanstelling van drie inspekteurs meebring⁵⁶ en nie slegs die toesig op 'n beter grondslag plaas nie maar ook 'n baie noodsaaklike verligting aan die gewone inspekteurs besorg.

"The highly important work of native education will thus receive more immediate attention than has previously been possible."⁵⁷

5. OPLEIDING VAN LEERKRAGTE.⁵⁸

Kragtens die Onderwyswet van 1907 kon die staat voorsiening maak vir die oprigting en instandhouding van opleidingskolleges⁵⁹ vir nie-blanke onderwysers of die bestaande inrigtings geldelik ondersteun. Aanvanklik was daar 'n groot tekort aan behoorlik opgeleide en bevoegde naturelle-onderwysers. Tensy die vier staatsondersteunde opleidingskolleges⁶⁰ met die behoeftes tred hou, sou Adamson se pogings in elk geval tevergeefs gewees het. Hierdie inrigtings het derhalwe hul volle gewig ingewerp en ten gevolge van 'n toereikende staatsteun is die hoop gekoester om binne afsienbare tyd oor 'n beter naturelle-onderwyspersoneel te beskik.

Die voorwaardes vir toelating tot die opleidingskolleges was soos volg:⁶¹

55. T.O.D. Jaarverslag 1918, 48.

56. Mnre. R.W. Swarbeck, J.C. Johns, N.D. Achterberg.

57. T.O.D. Jaarverslag 1919, 34.

58. Sien slegs op naturelle-onderwys aangesien kleur-
lingopleiding nie tot rypheid gedurende sy amps-
termyn gekom het nie.

59. Seksie 28(c).

60. Kilnerton 1905, Wesleyaanse; Lemana 1906, Sweeds;
Pietersburg 1907, Engels: "College of the Resur-
rection"; Bathsabelo 1907, Duits - In 1916 weens
die Europese oorlog 1914-18 gesluit.

61. Sien kursus; T.O.D. Jaarverslag 1906, 207 tot 210.

- (i) Die minimumtoelatingsouderdom was 15 jaar en 'n getuigskrif van goeie gedrag en karakter van die sendeling of ander bevoegde persoon is vereis.
- (ii) 'n Standerd III-sertifikaat of gelykstaande onderwyskwalifikasie is vereis.
- (iii) By toelating is ooreengekom dat voornemende leerkragte die Transvaalse Onderwysdepartement na voltooiing van hulle opleiding drie jaar moes dien.
- (iv) Die opleidingskursus het drie jaar geduur.
- (v) Aan die einde van elke jaar moes 'n departementele eksamen afgelê word waarvolgens bepaal is of met die daaropvolgende jaar se opleiding kon voortgegaan word.
- (vi) Vir die verwerwing van 'n sertifikaat was dit noodsaaklik dat die kandidaat in sowel die industriële as in die algemene deel van die eksamen moes slaag.

Daar is ook gereelde herhalingskursusse ingestel, wat met geesdrif gedurende vakansies deur diensdoende naturelleleerkragte bygewoon is. Middelerwyl het die opleidingskolleges flink vooruitgegaan en Adamson het reeds in 1910 soos volg daaroor verslag gedoen:

"The trained and certificated teacher is now frequently met with, and the standard of work in the schools must in consequence inevitably rise."⁶²

Die opleidingskursusse het onder andere Engels, die gewone skoolvakke op 'n standerd VI-peil en onderrig in minstens een nywerheidsvak, met 'n mate van beroepsafroning, ingesluit.

Die regulasies⁶³ waarvolgens die staat die opleidingskolleges geldelik gesteun het, het bepaal dat die geld slegs aan bepaalde sake soos salarisse en toerusting bestee moes word. In alle gevalle moes bewyse van betalinge verskaf word.

62. T.O.D. Jaarverslag 1910, 84.

63. Ibid 1906, 205 tot 206.

"It is altogether erroneous to suppose that grants may be diverted for specific religious or political purposes."⁶⁴

In 1915 het inspekteur W.E.C. Clark op versoek van die Provinsiale Administrasie 'n memorandum oor die opleidingskolleges opgestel en aan die Uitvoerende Komitee voorgelê.⁶⁵ Op grond hiervan en ten gevolge van die Eerste Wêreldoorlog is die Duitse opleidingskollege te Bathsabelo in 1916 gesluit en moes die werk te Kilnerton, Lemana en Pietersburg voortgesit word. Tog was daar vordering. Die 247 studente in 1916 het tot 253 in 1917 en 290 in 1918 aangewas. Adamson was heeltemal tevrede met die werk wat aan die opleidingskolleges gedoen is:

"They continue to do excellently."⁶⁶

6. KRITIESE BESKOUIING.

Volgens artikel 28 van die Smutswet kon die Minister van Onderwys van tyd tot tyd sodanige skole, klasse en inrigtinge oprig of instandhou as wat noodsaaklik vir die onderwys van nie-blanke kinders geag mag word. Hy kon ook geldelike hulp verleen aan sodanige skole, klasse of inrigtinge wat onder die toesig van 'n blanke sendeling gestaan het of onder 'n persoon wat deur die Direkteur van Onderwys goedgekeur is.

Die duisende nie-blanke kinders het toe op Adamson as die verteenwoordiger van die Minister van Onderwys vir die vertolking en oplossing van hierdie onderwysvraagstukke gewag.

By die aanvaarding van sy amp was daar van 'n eie staatstelsel geen sprake nie.

64. T.O.D. Jaarverslag 1914, 39.

65. Ibid 1915, 44 tot 48.

66. Ibid 1918, 49.

Wanneer Adamson se aandeel in die ontwikkeling van die onderwys van nie-blankes beoordeel word, moet daar in ag geneem word dat hy die hele aangeleentheid van die begin af moes aanpak. Onder omstandighede kon hy nie gereelde en gekonsentreerde aandag aan die vraagstuk skenk nie en moes hy met hier en daar voorkomende geleenthede tevrede wees.

Hy het nietemin die saak as ernstig beskou en het 'n duidelike omskrywing gegee van die onderwyswet in soverre dit betrekking gehad het op die onderwys van nie-blankes:

"..... the Government may establish native schools wherever they consider the existing machinery inadequate the starting of native schools and educational institutions is no longer dependent on private and missionary initiative."⁶⁷

Hierdie verklaring het hy opgevolg met:

"..... I shall recommend a more liberal scale of grants as a first step in putting native education on a more satisfactory basis."⁶⁸

Hy het 'n beleid van behoedsaamheid voorgestaan, omdat hy geen toutrekkery tussen sektariese en staatskole wou uitlok nie. Hy was egter bewus van die waarheid dat die sendinggenootskappe onmoontlik die hele stelsel as hul verantwoordelikheid kon aanvaar.

"..... it is very clear to me, that the missionary societies are not equal to the whole task, however liberal the grants may be."⁶⁹

As 'n proefneming het hy 'n staatskool te Klipspruit-lokasie in die lewe geroep om hom op hoogte van sake te hou met die moontlikhede van staatsonderwys van naturell

67. T.O.D. Jaarverslag 1907, 6.

68. Ibid 1908, 30.

69. Ibid 1908, 29.

Hoewel hierdie proefneming besonder geslaag was, is daar in sy lang ampstermyn tog nie hierop voortgebou nie. Hiervan kan daar afgelei word dat bepaalde omstandighede die tempo van nuwe ontwikkelinge in die wiede gery het. Die Eerste Wêreldoorlog het egter die normale verloop van sake versteur en die geldelike nood aan die deur van die landskas gebring. Hierbenewens het die gewapende opstand⁷⁰ die gevoelens opgesweep en het die Spaanse Griep⁷¹ 'n kosbare jaar geëis. Oorlogsnaweë, depressiejare, omvangryke werkloosheid en 'n verdoofde sakewêreld het nie juis ontwikkeling en vooruitgang in die hand gewerk nie.

Hoewel hierdie gebeure nie as verskoning aanvoer word nie, moet daar tog erken word dat die tyd vir die wording van 'n algehele en splinternuwe staatsstelsel van onderwys van naturelle nog nie ryp was nie.

Dat Adamson desondanks 'n stelsel van staats-ondersteunde onderwys voorgestaan het is in die lig van omstandighede verklaarbaar en verstaanbaar.

Hoewel die opleiding van leerkragte deur verskeie sendinggenootskappe verskaf is, het hy gereeld aangetoon dat die oplossing van die vraagstuk afhang van voldoende opgeleide leerkragte.

Benewens die reëling wat getref is in verband met die inspeksie van naturelleskole, het hy in 1920 en 1921 hom sterk uitgelaat oor die agterstand van hierdie onderwys en in beide jare aangetoon watter stappe⁷² gedoen moes word om die hele saak die hoof te bied.

Hoewel hy die belangrikheid van praktiese opleidingskursusse beseft het,⁷³ is die ideaal nie in sy

70. 1914-15.

71. 1918.

72. T.O.D. Jaarverslae 1920, 63 tot 64; en 1921, 49 tot 51.

73. Onder andere T.O.D. Jaarverslag 1912, 91 tot 94.

ampstydperk of daarna verwesenlik nie.

Hoe sterk die gedagte aan apartheid ook al op die voorgrond mag tree, sal dit tog steeds waar wees dat nie-blankes deur blankes in diens geneem sal word en hierdie dienste sal met die verloop van tyd steeds meer saamgesteld raak, omdat die wetenskap steeds ingewikkelder hulpmiddels tot ons beskikking stel.

Derhalwe moet die praktiese opleiding van die nie-blanke op grond hiervan beplan en ingerig word. Gemeganiseerde landbou, die nywerhede en die handel sal altyd hul onderskeie eise stel. In die administratiewe werksaamhede van die staat moet die nie-blanke helaas meesal sonder gepaste opleiding die werk verrig. In feitlik alle vertakkinge van die gemeenskapslewe moet hy maar „leer deur te doen.“ Dis vandag onder andere nie moontlik om behoorlik opgeleide huis- en skoolbediendes te bekom nie. Die vindingrykheid waarvoor enkele wel beskik is dikwels slegs die vrug van ervaring en die werkgewers moet hiervoor dure skoolgeld betaal.

'n Ander opvallende leemte waarvoor die onderwys ook aanspreeklik gehou sal word, is die afwesigheid van eerbare en eerlike lewensbeginsels. Van sake soos die eerbiediging van dienskontrakte bestaan daar in die reël 'n vae begrip.

Deur slegs die aandag toe te spits op boekgeleerdheid sal die praktiese arbeidsvraagstuk sekerlik nie opgelos kan word nie. Gepaste opvoeding en onderwys behoort van die nie-blanke 'n eerlike en eerbare werker sowel as 'n goeie en nuttige staatsburger te maak. 'n Prakties-sedelike opvoeding en opleiding behoort die voorreg van elke nie-blanke te wees, waardeer hy noodwendig nie ontstam hoof te word nie. 'n

Sodanige opvoeding behoort bepaald veel by te dra tot die ontwikkeling van 'n beter verstandhouding tussen blank en nie-blank. In hierdie opsig het nóg Adamson nóg ons die verlangde oplossing gevind.

Die nadelige invloede van teenswoordige ideologië maak 'n daadwerklike optrede baie noodsaaklik.

Die vraagstuk van staatsonderwys van naturelle in plaas van staatsondersteunde sektariese-onderwys bly dus nog onopgelos.

As alles egter in aanmerking geneem word dan is dit duidelik dat Adamson die onsekere toestand van hierdie onderwys vanaf 1906 tot 1924 reeds op 'n doeltreffender grondslag probeer plaas het.